

Die leeu van Wes-Transvaal

Fransjohan Pretorius, *De la Rey. Die leeu van Wes-Transvaal*

Protea Boekhuis, Pretoria, 2007

80 pp

ISBN 978-1-86919-176-4

R100.00

As daar in 2007 'n boek verskyn met die titel, *De la Rey, Die leeu van Wes-Transvaal*, sal die spookbeeld van Bok van Blerk se musiekvideo nie sommer verdof wanneer 'n leser die boek optel nie.¹ Die eerste sin van genoemde werk plaas die teks, bewustelik, midde-in die kabaal: "Generaal Koos de la Rey sou waarskynlik geamuseer of verbaas gereageer het op die ophef wat tans van hom gemaak word" (p 7). Tot hier, en nijs verder nie, dan 'n overte kniebuiging na die dronk, vlagswaaiende bende wat Van Blerk se lied gekaap het. Die res van die teks is 'n nugtere vertelling oor een van Suid-Afrika se groot politici en militêre leiers.

Komende van Fransjohan Pretorius en Protea, verwag 'n mens keurige feite en dit is presies wat die leser in hierdie teks kry.² In die bestek van minder as 70 bladsye word die lewe en die krygsvernuf van Koos de la Rey sonder fieterjassies, voetnote of digte akademiese aanhalings aangebied. Die teks is dus geskryf vir die weetgierige leser, nie vir diegene wat akademiese referate soek nie. Die bondige bronnelys agterin die boek, is eweneens beperk tot standaardwerke oor De la Rey. Geen melding van die resente "ophef" kom hier voor nie.

Die teks onderspeel dus skynbaar die vrae rondom De la Rey se relevansie in die een-en-twintigste eeu, en lê klem op die historiese feite. Kundige lezers weet egter hoe om die spel tussen versweë en beklemtoonde feite raak te sien, en dit is hier waar Pretorius, welwetend maar onopsigtelik, 'n bydrae tot die Bok van Blerk-debat lewer.

-
1. Een van die heel beste, en mees gebalanseerde analyses oor Van Blerk se lied en die bohaai daar rondom, kom van Andries "Roof" Bezuidenhout in sy essay: "From Voëlvry to De La Rey: Popular music, Afrikaner Nationalism and lost irony". Bezuidenhout is 'n sosioloog en 'n musikant. http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=11123&cat_id=170, 2007-02-28.
 2. Op een plek skyn daar 'n interessante spelfout te wees. Die teks beweer dat generaal Beyers 'n deftige "Silent Night" Daimler besit het (p 73). Dit was natuurlik 'n "Silent Knight" – 'n motor wat aangedryf is deur die baie stil enjin van Charles Yale Knight.

Vir hierdie leser is Wikipedia nog altyd 'n bron van onskatbare waarde, nie vir die nagaan van feite nie (juis nie), maar wel as 'n toetssteen vir die stemming wat onder skrywers oor 'n aktuele onderwerp heers. Die vraag oor Fransjohan Pretorius se keurige, kort biografie van De la Rey is dus nie bloot watter Wikipedia-feite hy weerlê nie, maar eerder watter nuances hy, met sy meerdere kennis, voeg tot die groot gros kennis wat skielik vryelik oor die bebaarde generaal beskikbaar is.

Hoe verskil Pretorius dus van die pophistorici?

Ten eerste maak Pretorius die leser bewus van 'n hele aantal foute in die populêre geskrifte. So was De la Rey natuurlik nie die eerste wat loopgrawe gebruik het (soos so graag beweer word) nie,³ maar Pretorius verduidelik op 'n praktiese wyse en in verstaanbare taal wáárom De la Rey se loopgrawe so goed gewerk het en hoekom hulle grootliks uniek was (p 25). De la Rey was ook glad nie teenwoordig by die Slag van Magersfontein nie (p 27), maar dit was egter sy idees van hoe en waar om die vyand in te wag, wat veroorsaak het dat die Boere so 'n klinkende oorwinning kon behaal.

Hierdie leser sou meer sodanige voorbeelde kon aanhaal, maar daar is ander, meer subtiese en belangriker verskille wat uitgewys moet word. Fransjohan Pretorius dweep byvoorbeeld nie met De la Rey as vredemaker nie – hy skets hom eerder as iemand wat moontlik bereid was om teen die einde van sy lewe weer die wapen op te neem om die Boererepublieke te help herstel.

3. Koos A. Kombuis lewer 'n baie insiggewende bydrae oor Van Blerk se lied op LitNet. Kombuis fouteer egter wanneer hy De la Rey se lof besing in tien "feite" oor die generaal se lewe: "*Feit nommer vier:* Koos de la Rey het guerrilla-oorlogvoering ontdek en hy was die eerste ou wat ontdek het wat die waarde is van loopgrawe. Hy was 'n taktiese genie." Sien: Koos A. Kombuis, "Bok van Blerk en die bagasie van veertig jaar", http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=6473&cat_id=163, 2006-11-28. Dit kan dalk nog verskoon word as Kombuis die glipsie maak, maar in 'n ander essay op LitNet, getiteld "Wie was De la Rey?", maak Paul S. Cilliers dieselfde fout. Cilliers se teks dien as historiese biografie vir De la Rey en werke van Johannes Meintjes en Thomas Pakenham word selfs in die bibliografie genoem. Sien: Paul S. Cilliers, "Wie was De la Rey?", http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=12317, 2007-03-21.

De la Rey word deesdae gereeld as 'n "vredemaker" voorgehou, veral deur sentristiese, wit, Afrikaanse geledere.⁴ De la Rey se aanvanklike teenkanting teen die oorlog en sy bereidheid om aan die einde daarvan te onderhandel, is welbekend. Pretorius laat dit egter deurskemer dat Koos de la Rey baie moeilik, en slegs weens krygsredes, van die roer afstand gedoen het. Veel belangriker nog, betrek Pretorius De la Rey baie sterk by die 1914-Rebellie (p 73). Hoewel ons nooit presies sal weet wat De la Rey werklik op 15 September 1914 in die mou gevoer het nie, plaas Pretorius die oorbekende feite van daardie dag duidelik midde-in 'n konteks waaruit die leser maklik die afleiding kan maak dat Pretorius se De la Rey heel waarskynlik onderweg was om met die Rebellie te gaan help.

Pretorius beweer dat De la Rey en Louis Botha vir Christiaan de Wet oorreed het om die Vrede van Vereeniging te aanvaar, bloot omdat hulle 'n eed geneem het om later, wanneer die tyd reg sou wees, weer die Engelse juk af te gooi. Teen 1914 was Botha egter nie meer ten gunste van 'n bewindsoornname nie, en dit het klaarblyklik vir De la Rey onkant gevang (pp 71 & 72).

-
4. Willem Steenkamp van Kaapstad se brief aan die *Mail & Guardian* (23 Februarie tot 1 Maart 2007) is 'n baie goeie voorbeeld van dié soort siening: *"People who are so worried about the re-emergence of De la Rey in Van Blerk's song should be glad. He was a pacifist who believed in harmony among the races and warned against fighting the British, but then fought hard as a patriotic duty. During the 1902 peace negotiations, he turned his back on the bitter-enders because he saw the shape of things to come and was a big enough man to accept them. That makes him a good role model for the new South Africa."* Ook die Wikipedia maak baie van De la Rey se opposisie tot die oorlog en sy rol in die vrede. Dié soort boodskap het Koos A. Kombuis gemotiveer om te verklaar: "Hy was ons Steve Biko" (Koos A. Kombuis, "Bok van Blerk en die bagasie van veertig jaar", 2006-11-28). Die regse onderrook hang egter ver uit op sekere blogs oor De la Rey, soos wanneer "Jonathan" op YouTube skryf: *"This video is about the great Boer general Koos de la Rey. He was a first rate general and gentleman. Compare how General de la Rey released Lieutenant General Methuen because his wounds would kill him without British medical help, with the savagery of today's Islamist insurgents who cut off the heads of every prisoner [sic]"*. Op 'n ander blog doen "FGB" baie moete om in swak Engels te verduidelik dat De la Rey wit Engelse geskiet het, nie swartes nie! Sien:
- http://en.wikipedia.org/wiki/Koos_de_la_Rey;
http://af.wikipedia.org/wiki/Koos_de_la_Rey;
<http://www.youtube.com/watch?v=UGH4lA1S7yc>;
<http://www.blogmark.co.za/index.php?q=node/7210>;
<http://www.blogmark.co.za/index.php?q=node/6992>.

Op 12 September 1914 het die parlement oorweldigend ten gunste van die Unie se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog – natuurlik aan die kant van die Engelse – gestem. Op 15 September 1914 het Christiaan Beyers as die hoof van die Unie se Verdedigingsmag bedank. Soos Manie Maritz en J.C.G. Kemp, was Beyers nie bereid om Duitswes-Afrika in te val as 'n offisier onder bevel van die Kroon nie. Dieselfde aand nog het De la Rey vir Beyers oorreed om na Potchefstroom te ry waar Kemp reeds gewag het. Waarom? Nee, dit weet ons nie. Pretorius sinspeel egter daarop dat De la Rey “naïef” genoeg was om te kon glo dat hulle 'n opmars na Pretoria sou kon lei om weer die bewind oor te neem (p 73). Hierteenoor verklaar die skrywer van Wikipedia se artikels oor De la Rey “dat dit onwaarskynlik is dat hy sy belofte sou breek aangesien hy so 'n leidende rol gespeel het in die Vrede van Vereeniging.”⁵

Hoewel Fransjohan Pretorius min maak van De la Rey se vreemde verhouding met die skisofrene Siener van Rensburg, word dié verhouding nie onderspel of gering geag nie. Pretorius verwys na De la Rey se kinderlike geloof as rede vir dié vreemde vriendskap (pp 55 & 57). Die oorspronklike weergawe van die Wikipedia-tekste onderspel hierdie verhouding geheel en al. 'n Sin is wel later tot die Afrikaanse teks van Wikipedia bygevoeg om Van Rensburg se rol in die oorlog te verduidelik.

Fransjohan Pretorius bied dus 'n kompakte biografiese monografie wat tjokvol feite oor De la Rey se lewe as boer, eggeneot, politikus en kryger is. Dit lees maklik en is 'n waardevolle toevoeging tot die bestaande debat rondom die rol van hierdie grootse man. Was hy egter 'n vredemaker, of opstoker? Pretorius toon dat De la Rey geweldig goed daarmee was om moeë boere aan te moedig om die wapen op te neem en die vyand vreesloos te verjaag. Die populêre skrywers van Wikipedia noem dit nie, en konsentreer op De la Rey se rol daarin om krygsgevangenes in Indië en Ceylon te oorreed om trou aan die Kroon te sweer – iets wat Pretorius heeltemal verswyg.

Aan die einde van Bok van Blerk se musiekvideo gooi die Boervroue uitdagend die konsentrasiekampe oop, en die Boere volg met hulle Mausers. Tot hierdie debat bring Fransjohan Pretorius 'n kryger wat weet hoe om mense tot opstand te lei.

5. Soos op die web op 17 Mei 2007. Die Afrikaanse en Engelse teks is feitlik dieselfde – albei is duidelik deur dieselfde Afrikaanssprekende persoon opgestel. Aan beide tekste is geringe redigering later deur verskeie ander persone aangebring. Sien: http://en.wikipedia.org/wiki/Koos_de_la_Rey en http://af.wikipedia.org/wiki/Koos_de_la_Rey.

Boekresensies

Hierdie skrywer wil beweer dat Pretorius se teks gelees behoort te word, want dit bied feite en insae in die persoon van Koos de la Rey wat tans verkeerd aangebied, of selfs verswyg word. Dat *De la Rey. Die leeu van Wes-Transvaal* egter ook sekere aspekte van die man se lewe en persoonlikheid verswyg, en ander redelik skerp belig, is eweneens waar. Dit toon heel subtel dat De la Rey wel 'n opruiende leier kon wees as hy wou.

De la Rey, Die leeu van Wes-Transvaal, lees maklik, is pragtig versorg en behoort aangekoop te word deur diegene wat meer wil weet omtrent De la Rey as wat die populêre pers hulle bied.

Izak de Vries
Skrywer en Uitgewer
Kaapstad